



Verwysing: 20170821-4111  
12/2/11/1/3  
Navrae: Mnr I Teladia

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0016/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en Onderwysdistrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Hoofde: Leerondersteuning, Hoofde: IBB-koördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunkhoofonderwyskundiges en Prinsipale van sekondêre skole

### **Onderwerp: Beroepsbewustheidsweek 9 - 13 Oktober 2017**

1. 'n Beroepsbewustheidsweek is beplan vir 9 tot 13 Oktober 2017 om die vermoë van leerders te versterk om ingeligte besluite te neem oor hulle toekomstige beroepskeuses. Dit is 'n geleentheid vir Lewensoriëntering-onderwysers om die Werkwêreld afdeling van hulle kurrikulum te voltooi.
2. Die teikengroep is Senior Fase-leerders. Die doel van die Beroepsbewustheidsweek is om leerders in graad 7 tot 9 bewus te maak van die belangrikheid om die korrekte vakke in graad 10 te kies. Gedurende hierdie week word skole aangemoedig om te fokus op aktiwiteite wat leerders sal lei om ingeligte besluite oor hulle toekomstige beroepe te maak.
3. Alle skole sal beroepsleidingsbrosjures ontvang wat die Beroepsnavorsingsaktiwiteit insluit. Lewensoriëntering-onderwysers word versoek om die Beroepsnavorsingsaktiwiteit aan leerders in graad 7 tot 9 te administreer en hulle ouers te adviseer deur gebruik te maak van die beroepsleidingsbrosjures.
4. Lewensoriëntering-onderwysers word aangemoedig om aktiwiteite vir hierdie week te beplan wat sal fokus op die werkwêreld. In sommige gevalle, waar werk aan leerders gedurende die loop van die jaar oor die Wereld van Werk gegee is, kan dit gedurende hierdie week 'n hoogtepunt bereik.

## 5. Graad 7

Graad 7-leerders sou kon fokus op 'n weeklange projek, wat insluit die voltooiing van die Beroepsnavorsingaktiwiteit en kan uitloop op 'n aktiwiteit waar hulle aantrek om 'n beroep voor te stel. Dit beteken dat met hierdie betrokkenheid by hulle toekomstige beroepe, leerders skool toe sal kom aangetrek in kleren wat hulle toekomstige beroepe verteenwoordig. Hierdie aktiwiteit moet gedurende Lewensoriënteringperiodes plaasvind. Sien Bylae A vir nog idees.

## 6. Graad 8

Graad 8-leerders sou kon fokus op beroepsaktiwiteite wat die voltooiing van die Beroepsnavorsingsaktiwiteit insluit en wat hulle in staat sal stel om hulle eie sterkpunte, talente, beperkings en vermoëns in spesifieke vakke te herken. Sien Bylae A vir nog idees.

## 7. Graad 9

Graad 9-leerders word versoek om deel te neem aan 'n beroepsriglynoefening wat die voltooiing van die Beroepsnavorsingsaktiwiteit in die brosjure, insluit. Die navorsingsaktiwiteit is deel van die proses om graad 9-leerders voor te berei om die korrekte vakke vir graad 10 te kies.

Die Beroepsnavorsingsaktiwiteit is ontwerp deur die PACE-beroepsentrum vir die doel om die beroepsvolwassenheid van leerders te versnel. Uitslae wat uit hierdie selfverkenningsoefening in vorige jare verkry is, het 'n aansienlike toename in die beroepsvolwassenheidsvlakke van deelnemers aangedui. Sien Bylae A vir nog idees.

8. Vir verdere inligting oor die Beroepsbewustheidsweek, kontak asseblief Mnr I Teladia, Senior Beplanner: Lewensoriëntering AOO, by e-posadres [Ismail.Teladia@westerncape.gov.za](mailto:Ismail.Teladia@westerncape.gov.za) of telefoonnommer 021 467 2199.

9. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel te bring.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-09-22